Kategorie: Gepubliseerde tekste

Volledige teks verkrygbaar/te koop by **NB-UITGEWERS** en boekhandelaars

DIE KOGGELAAR

deur

Pieter Fourie

Uitgewer: Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Kontakbesonderhede: NB Uitgewers

Olga Wyngaard, e-pos: Olga.Wyngaard@nb.co.za of

Jodie Burricks, e-pos: Jodie.Burricks@nb.co.za

Pieter Fourie

DIE KOGGELAAR

Tafelberg

Tafelberg
is 'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Beperk,
Heerengracht 40, Kaapstad
© Pieter Fourie 2018
Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Susan Bloemhof
Omslagfoto: Deon Meyer
Geset in 11 op 17pt Janson

Gedruk deur novus print, 'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe in 1988 deur HAUM-Literêr
Tweede, hersiene uitgawe in 2018 deur Tafelberg

ISBN 978-0-624-08429-7

Die koggelaar is die eerste drama wat bekroon is met die SAKRUK-prys in 1986. In 1987 word die drama ook met die Dawie Malan (DALRO)-prys vir die beste nuwe Suid-Afrikaanse drama van die jaar bekroon. Dit is vroeg in 1987 vir die eerste keer opgevoer onder regie van Dieter Reible. Die rolverdeling was soos volg:

BOET CRONJÉ – Ian Roberts
ANKER – Cedwyn Joel
KNAPLAT – Leslie Fong
ANNA CRONJÉ – Brümilda van Rensburg
BETTA CRONJÉ – Lida Meiring
BEN CRONJÉ – Dawie Maritz
KLEIN-BEN – Jannie Ellis/Pedro Kruger
BUURMAN/KROEGMAN/DOMINEE – Neels Coetzee

Vir Gerrit Geertsema

Eerste Bedryf

'n Kaal verhoog. In die middel 'n wit, sirkelvormige vloerkleed, drie meter in deursnee; dit stel die bodem van 'n plaasdam voor. Op die kleed lê die lyk van 'n boer; in sy een hand 'n kalkkwas, langs hom 'n emmertjie en digby sy ander hand 'n .38-rewolwer. Net buite die sirkel lê die karkas van 'n week oue lammetjie.

'n Tonnel lig doof stadig in op die linkerkant van die verhoog. 'n Figuur kom in dié tonnel aangestap en gaan staan feitlik reg voor op die verhoog. Dit is Knaplat: 'n swart akteur geklee in 'n roomkleurige pak. Oor sy kop dra hy 'n wit draadmasker – die vorm van 'n ram se kop – waardeur sy gesig duidelik sigbaar is.

KNAPLAT: Dan het die koggelmandervoet hom tóg vertrap. Hier in ons kontrei is dit wet, 'n waarheid soos kaiingklip en muistepelbos: Vertrap jy hom, vertrap hy jou. *(Hy stap tot by die lyk)* Boet Cronjé, jy moes dit geweet het. *(Hy draai na die gehoor)* Dames en here, vergewe my . . . wat vir u mag klink na my ongenaakbaarheid op hierdie oomblik. Dit is dit nie. Inteendeel, dis die slotsom van 'n leeftyd saam met Boet Cronjé op Nooitgedacht, telefoon 1713, Koggelkaroo. *(Hy draai weer na die lyk)* In sy een hand nog die kalkkwas. Net langs die ander, sy rewolwer . . . 'n .38. Ek was daarop voorbereid . . . het sy oë die laaste paar weke

goed gelees. *(Lakonies)* Maar nou ja, ek is maar net . . . die skaap hier rond.

ANKER *(sy stem uit die donker)*: Meneer! Meneer Boet!

KNAPLAT: Dis Anker.

ANKER *(sy stem)*: Waar is meneer?

KNAPLAT: Werker, vertroueling en regterhand van Boet Cronjé.

ANKER *(sy stem)*: Asseblief, meneer, waar dwaal jy?

KNAPLAT: Toe al die ander loop, het hy gebly.

ANKER: Kom, meneer! Kom kyk. *(Hy verskyn in 'n dowwe kollig op die agtergrond)* Kyk, die wolke span die hemel.

KNAPLAT *(kyk op)*: Wragtig!

ANKER *(nou in helder lig)*: Die wolke koggel nie. Die bergskilpad loop fluks.

KNAPLAT *(verheug)*: Hy's reg! Daar roep die dikkopkorhaan.

ANKER: Kom, meneer, die wolke woel.

KNAPLAT *(snuif diep)*: Die hemel ruik na reën.

ANKER *(ekstaties toe die weerlig blits)*: Daar is 'n bliksem! *('n Donderslag. Dan val die reën)* Kom, meneer! Dis alles verby! *(Dit reën nou soos dit net in die Karoo kan reën. Anker sien Boet lê; kniel by hom)* Haai, Here, nee! *(Hy kom halforent)* Die huis . . . dit was alles so stil in die huis. *(Hy storm af)*

KNAPLAT *(stap tot by Boet se lyk)*: Die Here het toe tóg gesien. *(Hy kyk stil na die lewelose liggaam en stap dan weer na agter in sy ligtonnel. Hy verdwyn en die lig doof uit)*

ANKER *(ver op die agtergrond)*: Nee! Ag, Here, nee!

BOET *(beweeg stadig tot hy in 'n sittende posisie na die gehoor kyk)*: God het my in die steek gelaat. *('n Blits. Hy kyk verdwaas op. Donder. Hy druk sy ore toe. Reën. Hy strek sy hande uit om die reën te voel. Daar verskyn 'n glimlag om sy mondhoeke)* Ek glo dit nie. *(Hy hou sy hand bak asof hy die reën daarin wil vang. Dan bring hy die hand nader, buig effens vooroor en lek in sy palm. Sy gesig straal terwyl hy fluister)* Reën . . . Reën.

KNAPLAT *('n kollig doof in op hom)*: Ja . . .

BOET *(verstom)*: Knaplat! Jy praat? Jy het 'n stem?

KNAPLAT: Ja, jare al.

BOET: Maar ek het altyd gedink jy blêr maar net. Ek . . . ek is jammer.

KNAPLAT: Jammer sal nie help nie. Jy is reeds dood.

BOET: Nee!

KNAPLAT: Ja.

BOET: Nee, ek proe dan die reën?

KNAPLAT: Jy is dood, Boet.

BOET: Nee, ek sien dit . . . Kyk die slierte reën daar teen die rante.

KNAPLAT: Boet . . .

BOET: Knaplat?

KNAPLAT: Voel daar teen jou linkerslaap. *(Hy doen dit stadig)* Voel jy? *(Boet knik)* Voel aan die regterkant . . . net bokant jou oor . . . so tussen die hare. *(Hy voel. Hy laat sy hand val tot op sy knie)* Jy is dood, Boet. *(Pouse. Dan baie kil)* Dis al. Dis finaal.

BOET: Asseblief, ek kan verduidelik.

KNAPLAT: Dink jy werklik ek stel belang?

BOET: Asseblief, jy sal dalk verstaan.

KNAPLAT: Verstaan? Jy het my alles wat ek is, ontneem. En nou moet ek verstaan?

BOET: Ja. As alles dan verby is . . . as ek reeds dood is . . . Ek vra net dit: Laat my verduidelik.

KNAPLAT: Jy mag dood wees, maar jou selfsug is nog daar.

BOET: Asseblief, juis daarom moet ek praat. Ek is dit aan ander verskuldig.

KNAPLAT: Soos?

BOET: Anker.

KNAPLAT: Aan hom is jy veel meer verskuldig.

BOET: Ek weet, ek weet. *(Pouse)* Maar ook aan jou.

KNAPLAT: Aan my? Wil jy hê ek moet lag? Jy het my nooit werklik geken nie. Ons was een met hierdie grond, maar vir jou was ek iets om getap te word; die skaap met wie jy kon maak soos en wat jy wou. My hele bestaan was net vir jou.

BOET *(skuldig)*: Ja, maar ook dit kry einde.

KNAPLAT: Dis reeds klaar.

BOET: Goed! En juis daarom moet jy luister. Ek moet my einde en dit wat daartoe gelei het . . . ek moet dit verduidelik.

KNAPLAT: Moet?

BOET: Ja. Ek het reeds gesê ek is dit verskuldig . . . aan Anker. En miskien veral aan jou.

KNAPLAT: Waarom?

BOET: Omdat . . . dit ook anders kon gewees het.

KNAPLAT: Dit weet ek jare al.

BOET: Was dit nie vir die droogte nie . . .

KNAPLAT: Praat nie met mý oor droogte nie!

BOET: Maar ons was sáám daarin!

KNAPLAT: Jy op jou manier en ek op myne, ja! Maar sáám was ons nog nooit nie! *(Pouse)* Miskien moet jy maar praat. *(Betekenisvol)* Feit is tog, jou droogte het my reën gebring.

BOET *(hoopvol)*: Mag ek dan vertel?

KNAPLAT *(ná 'n pouse)*: Goed. *(Hy stel duidelik nie veel belang nie)*

BOET *(ná 'n pouse)*: Daar was so baie dinge. Verbittering, vertwyfeling, skuldgevoelens, skok . . . *(Pouse)* my arrogansie, maar bo alles my God wat my verlaat het . . .

KNAPLAT: Jóú God?

BOET: Ja . . . hy was mý God. As jy boer, is jy en jou God saam. Dis 'n persoonlike ding. Hy's soos jou bankbestuurder, 'n soort vennoot, 'n vertroueling . . . Dis 'n snaakse ding, maar dis anders. Jou verhouding met God is anders as die van 'n dorpenaar of stedeling. Maar laat ek liewer van voor af begin. *(Pouse)* Ja, ek begin by die dag van my huwelik. Goed so?

KNAPLAT *(belangeloos)*: Goed.

BOET *(staan op)*: Anker! Anker!

ANKER *(op)*: Meneer?

BOET: Span die kapkar in! Ná die troue bring ek my bruid die werf in op die kapkar. En vat sommer die losgoed weg

wat hier lê. *(Pouse)* Hou die swartetjies van die werf af. Ek sien hulle begin hans word.

ANKER: Reg, meneer. *(Anker verwyder vloerkleed, rewolwer, emmertjie, kwas en karkas van lammetjie)*

KNAPLAT *(aan Anker)*: Hy was verstom toe hy ontdek ek het 'n stem. Kan jy dit glo?

ANKER: Ja, hy't graag net na homself geluister.

KNAPLAT: Die stomme skaap. *(Pouse)* Toe, span die kapkar in.

Anker plaas die kapkar se sitplek in 'n kollig. Boet en sy bruid op en gaan sit. Die lig doof uit op Anker. Knaplat sit eenkant op 'n kroegstoeltjie.

BOET: Nooitgedacht! Hier kom ons!

ANNA: Nooitgedacht! Hier is ons!

Boet mimeer hoe hy die perde intrek en die kapkar kom tot stilstand.

BOET: Pa se bruid, Oupa se bruid . . . net soos jy, Anna . . . so het hul hier aangekom.

ANNA: O, hoe wonderlik!

BOET: Net jammer jou pa en ma was sulke klipkoppe.

ANNA: Maar jy het teruggeveg. 'n Hofbevel in die Kaap loop kry. Jy het geveg vir my. Agtien ofte nie. Ons trou! Juis dit bewonder ek in jou. Jou krag. Jou onverbiddelike trots.

BOET: En my geloof. Dit breek niemand nie.

ANNA: Ek weet. Jy staan onwrikbaar langs jou God.

BOET: As jy God nie inneem as vennoot nie, kan jy maar

vergeet van boer. Kyk hoe sorg Hy. Kyk daar – so skuins teen die skurwe rantjies – die rooigras. En laer af die ankerkaroo, die muistepel en die koggelmandervoet. Anna, dis 'n goeie begin vir ons.

ANNA: 'n Geseënde begin.

BOET: Gee my jou hand. *(Sy doen dit)* Here, nou sluit Anna by ons aan. Gee kans. U sal sien.

ANNA: Dankie.

BOET: Sien jy daardie grootuier-ooi in die kleinkampie?

ANNA: Ja.

BOET: Sy't al vier keer gelam.

ANNA: Ja?

BOET: Anna?

ANNA *(lag gelukkig)*: Ja?

BOET: Ons ken mekaar al vier jaar.

ANNA *(steeds laggend)*: Ja.

BOET: Jy's reg vir jou eerste lam.

ANNA: Vat die leisels.

BOET: Hoe nou?

ANNA: Ry, domkop!

Boet gryp die denkbeeldige leisels en spoor die perde aan. Albei jongmense is laggend-gelukkig. Die kollig doof stadig op hul uit.

BOET *(aan Knaplat)*: En?

KNAPLAT: Jy het haar teen haar ouers se sin toe tóg getrou. Dis al wat dit vir my sê.

BOET: Presies. Maar juis dit het sy bewonder. Dit het haar in my laat glo.